LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 19/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Wat se beeld straal jy uit?

Die koue is op ons en dit is baie maklik om sommer net misrabel te voel en in jou huis te wil wegkruip. Die verhaal word vertel van 'n jong seun wat op 'n wintersoggend pamflette uitgedeel het met 'n boodskap van Jesus se liefde. Nadat hy al redelik nat en koud was na die oggend, klop hy aan die laaste huis om sy pamflet te oorhandig. Hy lui die klokkie, sonder enige antwoord, hy besluit om weer te klop, net soos hy omdraai om verder te loop maak 'n ouerige dame die deur oop. Hy gee aan haar die pamflet met die woorde, Jesus het jou baie lief en hierdie pamflet sal jou meer van Jesus se liefde vertel. Wat ander nie geweet het nie, is dat hierdie dame op die punt gestaan het om haar eie lewe te neem. As gevolg van die gehoorsaamheid en vriendelikheid van 'n jong seun, kon 'n persoon se lewe gered word. Ek dink nie ons besef altyd hoe ons omgang met ander mense die lewe van 'n vreemdeling kan verander nie. Of dit 'n kollega by die werk is, of moontlik die kassiere by die winkel. Baie mense het 'n vraag na die sin van die lewe, hoe ek ander hanteer kan 'n verlore siel weer hoop gee. Dit kan mense rondom ons laat besef daar is nog goed in die lewe, daar is nog mense wat omgee en 'n verskil wil maak in hul algemene doen en late. Laat ons vandag bietjie dink aan die beeld wat ons uitstraal. Wees weer gehoorsaam aan daardie stem in jou binneste wat jou die opdrag gee, om 'n oproep te maak aan 'n ou vriend, of bloot net iemand vriendelik te groet, dit mag dalk die persoon se enigste glimlag vir die dag wees.

## Week se Program

### 9 Junie 2025

- **Eksamen: Gr. 4 - Engels**
- **Eksamen: Gr. 5 - SW Geografie**
- **Eksamen: Gr. 6 - Afrikaans**
- **Eksamen: Gr. 7 - Engels**

### 10 Junie 2025

- **Eksamen: Gr. 4 - Afrikaans**
- **Eksamen: Gr. 5 - Engels**
- **Eksamen: Gr. 6 - SW Geografie**
- **Eksamen: Gr. 7 - NW (Sessie 1)**
- **Eksamen: Gr. 7 - Afr (Sessie 2)**

### 11 Junie 2025

- **Eksamen: Gr. 4 - SW Geografie**
- **Eksamen: Gr. 5 - Afrikaans**
- **Eksamen: Gr. 6 - Engels**
- **Eksamen: Gr. 7 - Wiskunde**

### 12 Junie 2025

- **Eksamen: Gr. 4 - LV**
- **Eksamen: Gr. 5 - Wiskunde**
- **Eksamen: Gr. 6 - NW**
- **Eksamen: Gr. 7 - KK**

### 13 Junie 2025

- **Eksamen: Gr. 4 - Wiskunde**
- **Eksamen: Gr. 5 - SW Geskiedenis**
- **Eksamen: Gr. 6 - LV**
- **Eksamen: Gr. 7 - SW Geskiedenis**

### 14 Junie 2025

- **Landloop ASA Interprovinsiaal**
- **Netbal MPU B-kampioenskappe**

## Goegieland

Ons het hierdie week met baie liefde en opgewondenheid afgesluit! Baie dankie aan ons Goegieland ouma's en oupa's. Ons wil 'n spesiale dankie sê aan al die oumas en oupas wat ons jaarlikse Oupa-en-Oumadag bygewoon het. Julle teenwoordigheid het die dag ekstra besonders gemaak – die glimlagte, drukkies en saamlag sal ons nog lank onthou! Ons kleuters het dit vreeslik geniet om hul grootouers te wys waarmee hulle elke dag besig is. Dankie dat julle tyd gemaak het om deel te wees van ons kleuters se wêreld.

**Kleuterskool Konsert**

Moet dit nie misloop nie! Ons konsert is uiteindelik hier! Hier is weer die belangrike inligting:

- Maats kom reeds 16:00 by Kruik gemeente bymekaar.
- Kleuters moet asseblief reeds geëet het.
- Maats arriveer met konsertklere reeds aan (Hou gerus u klas se WhatsApp- groep dop vir inligting rakende grimering, hare ens.)
- Graad 0-maats kom in die boonste lokaal bymekaar, reg oorkant die teater.
- Graad 00-maats kom in die eerste lokaal onder, voor by die trappe bymekaar.
- Graad 000-maats kom in die agterste lokaal onder die trap bymekaar.

Ons sien vreeslik daarna uit om u by hierdie geleenthede te ontvang.

Groete uit Goegieland.



## Skool sluit Vrydag, 13 Junie 2025 om 12:00 vir langnaweek

# Akademie

Ons kan nie dink die eksamen is al op ons nie. Soos u ook weet is dit belangrik dat ons kinders voorbereid moet wees. Dit is belangrik dat die kinders vir die eksamen moet leer. Ons kan nie verwag dat kinders sal goed doen net op algemene kennis en dit wat in die klas behandel is nie. Onthou, meeste kinders hou nie van leer nie. Dit is u as ouer se plig om daarna om te sien by die huis, u moet hulle dwing om te leer. Maak seker u kind is voortydig bewus van die werk wat geleer moet word. Neem ook kennis dat ons weereens Departementele vraestelle skryf, ons kan dus slegs dit deel waarvan ons bewus is.

# Netheid

Netheid is vir ons van uiterste belang. Kinders wat na hul eie netheid omsien, voel ook beter oor hulself. Netheid is ook 'n gewoonte wat by die ouerhuis gekweek moet word. Ons besef die koue is op hande, maak seker dat kinders hulself warm aantrek en ekstra warm klere teen die lyfie aantrek. Kinders moet warm wees, maar ons kan nie netheid prysgee nie. Neem asseblief kennis van die wintersdrag vir beide meisies en seuns.




# Junior Algemene Kenniskompetisie

Al gewonder wat maak jy gedurende die lang wintervakansie? Kom skryf in vir die Junior Algemene Kenniskompetisie! Daar is oulike boekpryse op die spel! Enige Graad 1- tot 3-maat wat belangstel kan hiervoor inskryf. Kry die nodige inligtingspakkie by Juf. Beertjie (T19) voor die skool sluit vir die vakansie. Ons sal in die derde kwartaal die kompetisie hou en die wenners bekend maak. Kom geniet hierdie Flini-dinkaktiwiteit!

# Goedes July

Dit mag dalk winter wees, maar by Laerskool Goedehoop is daar 'n warm gevoel van opgewondenheid wat besig is om kop uit te steek. DIE spog geleentheid van die jaar is oppad! GOEDES JULY!!! Stof af die pak klere, stof af die dansskoene, maak die juwele blink en kom geniet 'n genotvolle aand! Dagboek nou die datum: 23 Augustus 2025. Koop nou jou 'early bird ' kaartjies teen R500! Geniet 'n aand saam met jou geliefde! Sien JOU by die Goedes July!!!

# Netbal Gert Sibande B-Kampioenskappe o/11 tot o/13

Ons is baie trots op ons netbalspelers wat Saterdag, 31 Mei 2025, aan die Gert Sibande Kampioenskappe deelgeneem het. Hulle het hul beste gegee en mooi netbal gespeel. Die o/11B's eindig 4de, o/12B's eindig 4de en die o/13B's eindig 5de.

# Netbal Challenger Cup o/11A

Baie sterkte aan die o/11A-netbalspan wat Saterdag, 7 Junie 2025, gaan deelneem in Witrivier aan die Challenger Cup. Ons glo en vertrou dit sal goed gaan.




| 9 Jun | 10 Jun | 11 Jun | 12 Jun | 13 Jun | 14 Jun | 15 Jun |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aiden Mendoza | Christian Venter | Leah Hanekom | Mianique v Zyl | | Làmoné Visagie | Anike de Beer |
| Luané Cornelissen | | Nieke Knipe | Ivanné vd Linde | | Lume Botha | Rayner Nieuwoudt |
| Josua van Zyl | | | | | Jordan Lues | Jacques v Meyeren |
| Hardus Sauerman | | | | | Nicholas Weideman | Lianné Huisamen |
| Jayden Maritz | | | | | Mioné vd Berg | |

# Bergfiets – MP XCO-Finaal




Groot nuus is hierdie week bekend gemaak! Ryers van die skool het net weereens bewys, staal word nie net in dikte gemeet nie! Erik du Plessis, Stephen Mouton, Janco Kruger, Jan-Roux Jansen van Vuuren en Xander Vermaak het die naweek in Nelspruit hul fietse weereens opgesaal en hul bene pap getrap tydens die finale wedren van die XCO-liga. Ons is ongelooflik trots op hierdie 5 manne, wat deur die seisoen deur bloed en sweet hul kant gebring het!!!! Baie geluk, outjies! Goedehoop is TROTS op julle!!!

# Dans

Baie geluk aan die volgende dansers wat gekies is vir die IDT-span.

**Seniorspan**

Chantey du Plessis
Hailey Herbst
Janeke du Plessis
JR Jansen van Vuuren
Kaitlyn Shackleford
Larochelle Schäde
Leané Luddick
Lianné Huisamen
Llené van Jaarsveld
Luan Vosloo
Marlie Venter
Melandie Faber
Mia van Eeden
Micke Botha
Mikayla Smit
Milan Zwarts
ShonD Coetzer
Waldt van Niekerk
Zani Venter
Zoe-Jane Steyn

**Juniorspan**

Adelein Pretorius
Aiden Steyn
Chanel Minnie
Charlotte Wasserman
Duané Berry
Elizka Smit
Handré Carstens
Janille Kgwadi
Kayla Badenhorst
Liebe Reinecke
Madison Steyn
Mioné Mostert
Nicholas Weideman
Nkazi Mahlangu
Shae Devenier
Zeah Joubert



## Bergfietskliniek

Op Saterdag, 7 Junie 2025 kom Marc Fourie, 'n kranige fietsryer, om ons leerders bietjie meer touwys te maak. Ons is baie opgewonde oor die gebeurtenis, en is nuuskierig om te sien wat ons gaan leer!




## Rugby

Baie geluk aan Jayden Ferreira wat gekies is om die o/12B Mpumalanga Rugbyspan te verteenwoordig. Ons is baie trots op hom!

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

